

28 Januarie

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 1:7

Jesus kom met die wolke

Ons Here Jesus kom met die wolke. So is Hy voor die oë van sy dissipels weggeneem met sy hemelvaart. Die engele het belowe (Hand 1:11): “Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.” Jesus sal vir almal sigbaar wees as Hy kom. Niemand sal kan sê hy het nie geweet dat Jesus kom nie. Die wolke van die hemel is die koets waarmee Koning Jesus terugkom, “en al die mense sal Hom sien, ook julle wat Hom deurboor het” (vs 7). Die ongelowige Jode wat Hom aan die kruis vasgespyker het en die Romeinse soldate wat met hom gespot het en die spies in sy sy gesteek het, sal Hom ook sien. Ook elkeen wat deur al die eeue sy rug in ongeloof op Hom gedraai het, sal Hom sien. Alle mense sal Hom sien – ook elke gelowige.

Hoe is dit moontlik? Met die wederkoms van Jesus gaan die grafte oop. Almal sal dan uit die graf opstaan. So sal alle mense wat deur al die eeue op aarde geleef het, getuies wees van Jesus se koms as Koning. Dit is hoe Hy gaan kom – as Koning! Hy kom met die wolke, want wolke is in die Bybel die beeld van God se koninklike heerlikheid en majesteit.

So sal Jesus kom. Hy kom nie as die lydende Kneeg om swak en nietige mense te dien nie – dit het Hy reeds gedoen tydens sy lewe op aarde. Nou kom Hy as die Koning van hemel en aarde. Hy kom as die Oorwinnaarkoning om sy koninkryk finaal en volledig in besit te neem. Elke oog sal Hom sien. Hy is teweens reeds op pad!

Sing: Srifberyming 9:2, 3 Ds AP Krüger (Boksburg-Suid)